# HOOFSTUK VII.

## *TREKKERSWEE.*

### I.

Die idee wat *Trekkerswee* (1915) se grondslag vorm, het jare lank in Totius lê en ontwikkel tot wesensvolheid. Soos ons reeds vroeër gesien het: sy sangstof is nie baie uitgebreid nie; hy is nie soos die vrolike digter van die sinsgenot wat dansend van blom tot blom gaan om soetigheid te versamel nie, maar 'n paar groot idees, vasgeweef aan sy lewensbeskouing, lê in hom en ryp word, en die digterlike uitdrukking wat hy daaraan gee, hoewel dit in verwerking veel verskil, dra tog altyd die verwante kenmerk van sy sintetiese strewe, waardeur 'n groot deel van sy Calvinistiese lewensbeskouing gedurig oprys agter sy werk en daaraan 'n besonder kleur en karakter gee. Hy bly diep met sy gedagtes in dié van die volk wortel. „De groote bezinners zijn tevens groote kultuurscheppers geworden, organen der gemeenschap. Wezenlijk hebben zij voor zichzelf of uit eigen persoonlijke inspiratie geleefd, maar bij hun werk werden zij gedreven uit een gemeenschapsbesef." [1])

In *Verse van Potgieter's Trek* het Totius vir ons Potgieter as draer van die ideale trekkersgedagte getoon — Potgieter wat wou weg van die verraderlike see, waaruit die vyand kruip „en gryp en weer versink". In die minder suiwere *By die Monument* en die skoon geboude *Rachel* het ons die smart van die oorlog gevoel, het ons besef wat selfsugtige geldbelang kan doen, kapitalistiese en imperialistiese dweepsug, wat die edelste menslike gevoelens uitbuit vir louter weelde en wins.

Fyn-aderig is hierdie werk vasgewortel in Totius se lewensopvatting, wat tot volheid gegroei het onder die beskermende leiding van sy geniale vader, onder die gewapper van die Vierkleur, onder die jeugdige vaderlandse drang wat die ou Patriotmanne so dapper voortgestu het. En nou? Die Engels-Boere-oorlog het die vernedering

gebring: die volk moes buk onder die veroweraar wat hy so verfoei het. Potgieter kon in sy dae nog die onbewoonde vlaktes soek, waar die vyandelike lis nie so maklik kan besluip nie, in *By die Monument*, meer besonke uitgebeeld in *Rachel* het ons reeds die vryheidsliewende Trekker met sy vrou en kind onder die geweldenaar se gewetelose dwang. In *Trekkerswee* het die wanstaltige groei verder gegaan: nie alleen is die Afrikaner verneder, sy vegters verban uit hulle vaderland na verre strande nie, is sy vrou en kind in die moordkampe aan 'n martelaarsdood geoffer nie, die bitterste moes kom: die Afrikaner self word ontrou aan die tradiesie waarvoor hy nog pas so dapper gestry het; in die uitheemse stroom word hy opgeneem, totaal ontwortel, hy word vlees nog vis, 'n dienaar van die imperialistiese geldwoekeraars, terwyl die eensame, die getroue ou vaderlander, verlate teruggedruk word voor die aangolwende „beskawing" maar tog met 'n onverwoesbare hoop bly wag op sy kind, sedelik ondermyn deur die modesug, se terugkoms...... Hier is ons dan by *Trekkerswee,* 'n naam wat suggestief genoeg is.

## II.

In hierdie gedig word ons verplaas na die Rand, ongeveer waar Johannesburg nou lê...... 'n heuwelagtige wêreld:

> Dis heuwels, heuwels, heuwels net
> sovér 'n mens se oog kan speur;
> grasheuwels waar ook riwwe gaan,
> met enkele stroompies tussendeur.

Hierdie idilliese lewe teken die skrywer vir ons. Tussen dié heuwel ronddinge, omkoepel deur die blou hemel, het jarelank 'n Trekker met sy vrou en kind alleen gewoon:

> Verlore-klein lê op die Rand
> hul huisie in die trekkersland;
> dit is 'n stip net in die wei —
> die rietedak en muurtjies van klei.

Eenvoudig is die lewe hier in al sy plaasrustigheid: 'n beestekraal, 'n ruisende mielieland, 'n rooi geploegde

akkerland, 'n eensame perskeboom, en ons het die „koninkrykie" in die geweldigheid van die natuurwydheid rondom.

Ons begin maar net die gedig te lees en ons merk al dadelik dat die uitbeelding om by die onderwerp te pas, besonder eenvoudig is, 'n eenvoud wat dikwels die vers laat omlaagsak tot nugter seggingswakheid, 'n trek wat ons reeds vroeër by Totius opgemerk het, veral in sy *By die Monument*, terwyl hy weer in *Verse van Polgieter's Trek* die ander uiterste bereik het: geswollenheid, retoriese breedsprakerigheid, albei trekke in sy digwerk wat waarskynlik hulle oorsprong in die Patriot-tydperk gehad het. Totius betree egter in hierdie gedig die terrein van die epiek, en as ons sy besonder aanleg in die oog hou, n.l. as fynaanvoelende lirikus, dan kon ons begryp dat sy uitbeelding en verhaalgang nie hier swaar en breed is nie, maar sober en op die kern af, want die ware epiese digter gee tog eintlik „plastische Greifbarkeit der ausseren Gestalten und Ereignisse, lebendige Anschaulichkeit der seelischen Zustände und Vorgänge, lichtvolle Deutlichkeit der Umgebenden Welt." [2])

By die Trekker se rustige woning daag 'n perderuiter op, die dogter ontvang hom en sonder enige digterlike verheffing vertel die skrywer:

Sy groet as sy hom binnelaat,
en vra hom wat sy wense is:
hy moes maar bietjie sit as sy gaat
om pa te sê dat daar mense is.

Nie alleen is dit sonder enige verhewenheid van segging nie, waardeur dit tot eenvoudige prosa verdun, maar die maatgang stamp onhandig heen en weer.

Maar dan kom 'n siening wat in sy vlugtigheid van tekening, sy suggererende woorde duidelik die buigsame vrouegestalte oproep. Dit vergoed vir veel wat elders swak is.

Sy skuif verby met mooie buig
en stap met ligte voetstap weg.
Die vreemdeling sien skrams nog net
haar volle wese en hare-vleg.

'n Glimp, 'n glans, 'n gouigheid,
nes of 'n gees verskyn.

Maar nooit sal in sy lewenstyd
dié ligbeeld uit sy siel verdwyn.

So half-verleë, asof bespied,
laat sy haar hande strelend gly
oor halme wat in volle saad
hul hooghef aan haar wedersy,

en saai 'n handvol grassaad heen,
denkend so in verbygaan dat
by seëning van wind en reen,
'n enkle wel kan wortel vat....

Een van die mooiste trekke van Totius kom hier te voorskyn nl. sy vermoë om die tere, die haas onvatbare vir ons te suggereer, nie so seer met die klank van die gedig nie, maar met 'n enkel aanduiding, waardeur ons verbeelding saggies begin lewe en agter die woorde die voorstelling ontdek. Die „handvol saad" wat die skugter, heenstappende meisie uitstrooi, terwyl sy verleë onder die indruk is dat sy bespied word, is teer en bekoorlik gesien. Eienaardig is dit dat die digter 'n dergelike vraag stel:

Hoe lyk dit of die plasie so
allénig in die wêreld leg?
Is daar geen ander plase omheen —
naby en verderweg?

En dan voeg hy by wat hy persoonlik in die rondte merk. Sou dit nie beter gewees het as die mymerende Willem se gedagtes hier gegee is nie, waaruit ons miskien dan — saam met sy uiterlike observasie — die omgeving, sonder trein of telegraafdraad, leer ken het, sonder dat die digter as instrukteur sy objektiewe verhaalgang onderbreek het met hierdie inligting van buite? Want Willem sit intussen alleen, totdat, na ongeduldige afwagting, vader en dogter opdaag:

„Dag neef! Is dit die oudste seun
van buurman Koos miskien
wat ek eers vir 'n dag of wat
het vir die eerste keer gesien?"

So heet dit in 'n gestamel wat vrolik sou aangedoen het in die poësie van die Patriotmanne, maar wat hier beslis 'n onbeholpe indruk maak, al is die ontmoeting „tiepies".

Die uitnodiging is na Perdekraal, en uit die nugter verhaal tref tog die volgende reëltjies, wat ongemerk 'n verdieping aandui:

„Kyk, daar is Perdekraal,
daar waar die laaste heuwels rys."
Oom buig hom oor die onderdeur
terwyl sy vinger wys.

Dit dui dadelik 'n dieper agtergrond aan, temidde van al die hartlikheid.

Die ontmoeting het 'n soet heimwee in Willem laat ontwaak — mooi groei in sy siel op die volle wese van die skugter boeredogter wat voor hom wegwandel om haar vader te roep:

o, Die eensaam-huiswaartse rit,
en die eerste gedagtes aan haar!
Dit is die eerste keer dat hy
die uitdraai-paadjie nie gewaar....

Nukkerig is die verliefde Willem as sy suster hom terg met die takhaarnooi, en met sobere reëls sluit die digter die toneel:

Nou word dit langsaam stil aan tafel,
stil word die borde en messeklank.
Die vader lees 'n stukkie nog,
en sluit met lof en dank.

Hier toon Totius seker 'n gebrek om suiwer, net met die verhaal direk voor te stel, ons aandag onverslap te hou deur verrassende segging of pakkende voorstelling. Reëls soos die pas aangehaalde getuig van 'n onmiskenbare slapheid, of die verhaalgang die digter self nie so boei dat hy ons aandag kan span met sy voorstelling nie. Selfs die eenvoudigste verhaal, as dit voortkom uit suiwere ontroering, moet ons innerlik vashou, al is dit net deur die ontroering. Hierby moet ons egter onthou dat by die opbou van 'n epiese verhaal daar altyd dele is wat oorbrug moet

word, al is dit dan met meer in die ooglopende, verstandelike middele. Die mindergeslaagde dele moet dan help om as eenheidskakel te dien. In *Rachel* hinder dit heel weinig. in *Trekkerswee* egter te dikwels. Die groot lyne loop duidelik, die onderlinge lyntjies, wat juis die sierlikheid van fyn, intuïtief-suiwer afgewerktheid moet toon, ontbreek te dikwels, hulle verdof in onbelangrikheid, al sluit hulle tog by die hooflyne aan.

Die donserige maanlignag daal oor die vreedsame plaas, maar net Willem voel hoe 'n vreemde soetheid in sy gemoed hom wakkerhou, en dan kry ons die teerfyne siening, waarin ons die sagte lig van die maannag voel, ook die droom van huiwerende blyheid wat Willem se verrukte gemoed omswewe.

So voel hy hom: weemoedig-bly,
En ook so rein, so rein daarby,
soos maanlig wat met blanke voet
oor pêrels van die dounag gly.

En hy sien haar weer, met die ronde harevleg, hy volg in sy droom die bekoorlikheid van die heenskuiwende gestalte:

Sy slaap duur tot die son hoog skyn,
die maan laag aan die lug verkwyn,
beeld van die droombeeld wat
nou bleekrig weer verdwyn.

Die oggendstond op 'n Boereplaas word deur die digter in 'n algemeen-bekende gedig aantreklik uitgewerk, met veel detail van die môre-gewerskaf op die ontwakende werf. En as slot volg hierdie reëltjies wat getuig van fyn waarneming en wat stemming wek:

Die môre smelt weer met die dou,
die vrede alleen bly soos dit was.
Net 'n hen spring van haar eiers af
met groot geraas, en die brakhond blaf
vir die enkele kuiergas.

In die huis heers groot bedrywigheid, daar word gebak en geslag, en as die verliefde Willem, onverstaanbaar nuk-

kerig en prikkelbaar, langs 'n skemerdonker hoek van die kombuis sluip, dan word spottend vir hom gevra waarom hy so deur die huis loop net soos 'n hen wat nes soek! Mag hierdie toneeltjies nie altyd ewe sterk uitgebeeld wees nie, mag hulle dikwels in swak prosa voorgestel word, hulle besit 'n bekoorlikheid deurdat die egte Afrikaanse plattelandse gees daarin opgevang is, omdat die boerelewe in sy ongerepte eenvoudigheid ons weldadig daaruit geopenbaar word.

Die reis na Perdekraal in die rammelende wa oor die onegalige pad het begin, want die ongeduldige Willem het die sweep. Tussenin vleg die skrywer soms liriese gedeeltes in, net soos in Rachel, maar in *Trekkerswee* kom dit nie so dikwels voor nie en is dit nie so skematies-streng ingewerk soos in die stewig-geboude Rachel nie.

As 'n voorspel op die ontwakende en groeiende wederkerige liefde van Willem en Dina het ons 'n mooi tussengedig, met sy sangerige begin:

> Ek hoor van vreemde lente melde
> as sangtyd wat genaak,
> wanneer die voëls in bome-velde
> singend hul nessies maak.

Maar hier in ons eie land is dit anders, want die lente kom stil en nie met vreugdegesang van voëls nie:

> maar oral diep en ernstig swyge
> van velde kaal en wyd.

Hier spring geen see van wiegende, geurige blomme uit die voortbrengende aarde op nie. Maar tussen die golwende grasvlaktes wat die aarde ommantel, worstel hier en daar 'n blommetjie omhoog uit die vaste, dorre grond — so getuig die nuwe lewe in hierdie rypverdorde geweste nie van lewensvolheid, van uitbrekende lewenskrag nie, maar „van taaiheid en moed". Baie mooi is so gesuggereer die kaalheid van die omgewing, die sober-eenvoudige lewe, is duidelik die milieu aangedui: dis die kalme lewensfeer van die weelde-ontvlugtende Puriteinsgesinde Calvinis, wat met taaiheid en moed sy bestaan ontworstel aan hierdie skynbaar dorre aarde. Die wêreld rondom hom weerspieël vir hom die betekenis van sy lewensbeskouing. Die digter van

die sinne, die „Heidense" digter, soos 'n Keats byvoorbeeld, sou hom by voorkeur vermei het in die oorvloed en weelde van die skeppende aarde, maar die Puritein durf hom nie laat gaan op die stroom van sinnegenieting nie: hy is die taaie, die worstelende, die hardnekkig-strydende, wat in die eensame velde nuwe liedjies „leer", wat dus so stof vind om sy lewensbeskouing te verryk en te verstewig. So eenvoudig in sy skoonheid soos die lente hier oor die Rand gekom het, so stil en sag het ook die liefde vir Willem en Dina soos 'n soete weemoed omsfeer:

So het eenselfde lentelewe,
eenvoudig, diep en waar,
twee stille wesens sag omswewe —
vir Willem en vir haar,

Luister net hoe sterk die digter dit weer beklemtoon:

Daar was geen danse of sangerskore,
geen klank of kleure gloed;
net liefde stil dié dag gebore
by simple boere-groet. —

Altyd aksentueer Totius die dele van die Afrikaner se lewe wat sy oorsprong herken in die Calvinistiese lewensbeskouing, en waar sy poësie verloor aan die kleurehewigheid, aan grootsheid van plastiek, aan die dansende ritme en gloeiende sinsgenot van die digter wat die aardse heerlikheid lowe, daar win hy aan soberheid en eenvoud, wat strewe na eenheid van lyn, diep-inslaande segging, na sobere lewenswysheid, na die streng-bindende sintese. Mag die sterk verbeeldingsdrif ontbreek wat 'n groot stof omvorm tot 'n indrukwekkende geheel, die ewewig tussen hart en hoof is aanwesig, waardeur die gevoelstroom neig na die simboliese diepte en daar 'n harmonie ontstaan, wat nie op uiterlike skittering en beweging berus nie, maar op 'n dieper-wykende agtergrond wat ons onverwags die Ewigheid laat gewaar ....

Eenvoudig en teer is die heimlike liefde van Willem vir Dina, wie se droomgestalte hom so agtervolg het en wie hy nou op weg na die historiese Perdekraal weersien. 'n Romanskrywer sou hierdie inleiding, hierdie ontwaking van die skugtere liefde, wellig anders aangepak het en waarskynlik, as hy oor 'n sterk skeppende fantasie en

intuïtiefindringende vermoë beskik het, grootser uitgebeeld het; tog bevredig Totius se onopgesmukte wyse van verhaal ons en is ons op hierdie stadium van die ontwikkeling goed op die hoogte, ken ons die agtergrond, die milieu, eenvoudig deur dat die digter suggestief te werk gegaan het en ons verbeelding en gevoel aan die werk gesit het, waardeur ons voortborduur en uitwerk al gaandeweg, terwyl ons hoofaandag uitgaan na die hoogste bulte van die verhaal, vanwaar ons die geheel kan oorsien ....

Ook in *Trekkerswee* net soos in *Rachel* is daar gedeeltes waar die verbeelding die verhaal loslaat om 'n verbandhoudende algemene tema te besing: dit werk verruimend en skep 'n sfeer van rus. Soos opgemerk, is hierdie indeling nie so skematies-vas as in *Rachel* nie. In hierdie geval werk dit meer afwisselend. Instede dat die skrywer bespiegelende gedigte geleidelik inweef by die agtergrond van sy verhaal, terwyl dit kalm voortbeweeg, werk hy 'n natuurtafereel, 'n afsonderlike siening, 'n lang natuurvergelyking, soms afsonderlik uit om so sy omgewing sterker te laat sien, want die draad van innerlike verband en noodwendigheid laat hy nooit los nie. So het ons die siening hier in die laer, waar die twee families van die Randse wêreld ook aangeland het, van die Trekkers om die nagvuurtjies:

Die vuurtjie brand  
hoog langs die heuwelrif.  
Die duisternis bedek die land,  
maar dis 'n duisternis waardeur  
die maan se melkies sif ....

Dit herinner aan Celliers *My Vuurtjie en ek is op Wag*, maar Celliers se gedig is veel inniger, stemmingsvoller: ons voel tot in ons siel die sterrenag se grootsheid in tegestelling met die mymerende togryer langs die vuur. Totius se gedig doen matter aan, dit is veel meer prosais as Celliers s'n deurdat dit te nugter bly. Hierdie voorbereidingstoneel vir 'n gebeurtenis wat volg, kon Totius veel inniger, stemmingsryker gedaan het — nou suggereer die singende keteltjie met die luisterende Trekkers nie vir ons sterk genoeg die eensaamheid en grootse verlatenheid van die natuur nie. Nugterder, al is die gedagte daarin vervat seker nie onaardig nie, kan dit seker nie wees as in die volgende reëls nie:

## DIE DIGTER TOTIUS.

As die digter dan platte waens en tente uit die grys sien opskemer in sy verbeelding, dan dring die liriese ontroering onbedwingbaar omhoog:

O Trekkersvolk, my hart ontgloei.
Ek sien hoe jul die vreemde boei
verbreek het en het uitgebloei
tot eie nasie.

Die Trekkersvolk vier dan ook hier 'n hoë triomf — hy het die veroweringslustige vyand op heldhaftige wyse uit sy land verdryf, — so dapper was die verdediging dat 'n verse stroom van die Eerste Skrywers losgebreek het waarin met bewondering getuig is van die oorwinning, terwyl die vyand wat nooit 'n slag verloor nie — daarvoor het hul pers gesorg! — op ruwe en genadelose wyse bespot is. Die byeenkoms op Perdekraal bring dan ook verheffende gedagtes oor die stryd en oorwinning van 'n klein volk, maar tewens ook die donker gedagte, vloeiende uit ons kennis van die geskiedenis, dat die groot veroweringsugtige die kleine alleen maar tydelik alleen laat om in idilliese rus fees te vier. Die wa, troue metgesel van die Trekker se lot, is nog daar: hy word vir die digter 'n verpersoonliking van taaiheid en moed:

Twee lang wit kappe in die veld:
'n wa en tent daarnaas gesteld,
tweeheid tot eenheid saamgesmelt
in sware stonde.
Die wa — 'n sterke man is hy;
die tent — 'n taaie vrou is sy.
Jul het die nasie uitgelei,
sy boei ontbonde.

Nie alleen voer die wa die Trekker deur die angsgeweste nie, beskerm dit hom teen sonnebrand, donderweer en sluipende roofdiere nie, dit span ook in sonnige vredestyd sy wit seil beskermend oor sy feesvierende kinders uit:

En als sy wa nie verder dring,
hoor ek by wind haar fladdering
die lied van boerbeskawing sing
stemmig-tevrede.

Sy keteltjie is swart  
al in sy diens gebrand:  
Die trooster van sy smart  
die bly hom trou wanneer  
hy soek 'n vaderland.

Die verhaal van Hendrik en Lettie is in ballade-vorm reeds deur S. J. du Toit uitgewerk. In daardie gedig vind ons, as uitsondering in daardie rymtydperk, reeds die reëls wat iets van die ritme van opgewondenheid en angstige drang om die vaderland te beskerm, opgevang het:

„Na Langnek ! Na Langnek !" so klink deur Transfaal.  
„Na Langnek! Jaag daarheen nou, helde!  
„Di fyand hiir binne is fas allemaal;  
„Na Langnek, o'er heuwels en felde!" ....

Alhoewel Totius in sy *Hul twee is lammers van een jaar* nie 'n treffende ballade-toon haal nie, is die verhaal tog verdienstelik vertel, hoewel nie oral ewe suggestief en vlot nie, soos uit die volgende blyk: Hendrik en Lettie, na moeilike skeidingsjare, eindelik getroud, moet skei, want liewers kort-gedroomde geluk as die eie grond aan die Engelse afgee en slawe word:

Sy swyg. Sy perdjie huppel al  
na Lang Nek weg.  
Hy sink met wein'ge in Natal  
om vér te veg.

Dis duisternis en stille nag.  
„My vrind, ek sterf by eerste lig," —  
so spreek hy sag,  
„maar Lettie wag haar eerste wig."

Met hierdie verhaal wil die skrywer skerp en vlugtig op die trotse en helderyke verlede wys, 'n verlede wat waardig by Perdekraal op 16 Desember gevier word. Instede van die geskiedenis-agtergrond in enkel lyne te skets, gee hy dit op beeldende wyse weer deur 'n eenvoudige liefdesverhaal te vertel, waarin die opoffering gedurende die Vryheidsstryd van 1881 binne die klein sirkel van 'n verhaal saamgetrek is, veraanskoulik word en dus ruimer betekenis kry.

Dan word haar seile trou bewaar:
by feesdag net span sy 'n laer
en straal haar seile, dankbaar daar,
van groot verlede.

Baie mooi laat die digter ons die see van wit tente sien met die grys wasems van die nag wat soos 'n slangrug rus in die skemerte van die dal. Ligblou rokies krul die hemel in, en noudat die son deur die newels kom skyn, versterf hier en daar uit die tente nog laaste geluide van 'n psalm.

Wat seker besonder karakteristiek geteken word is die volgende:

Die osse word al losgemaak
en veld-toe aangejaag;
'n kaffer stap hul agterna
wat aan 'n stok sy velskoene en
'n haarge knapsak draag.

So sien die digter die vroue wat wegkoes vir die lastige rook, wat trane in hul oë bring; so sien hy die burgers, in Sondagspak geklee, met hulle kerkboek en riempie — stoeltjie na die vermaarde steenhoop heen gaan. Na die nasionale preek spreek Oom Gert in weloorwoë woorde die gehoor toe. Hy vertel hoe aan hulle in die Kaapland 'n valse vryheidsleer verkondig is; ook in Natal waar hulle rus gaan soek het, het die Engelsman en Kaffer hulle uitoorlê. Verder moes die Trekker vlug en die mooiste deel van Afrika, wat met sy bosbegroeide heuwels slinger langs die kus, laat „aan Kaffervolk en Brit". Hulle trek 'n „leë kafferwêreld" in, waar vir hulle 'n land van rus eindelik toelag — hier het die Trekker sy heilige gedenkstene opgerig as hoogaltaar toe die Engelsman hom weer bedreig het. En net soos aan die einde van *Rachel* en in *Vergeet Nie van* Malherbe klink die waarskuwende woorde: Onthou! anders ......

„Dan sal die steenhoop ons verkla.
Ek roep tot my getuie aan
die hemel en die heuwelrande!
Dan sal ons hiér moet kerm en klaag,
en rondom hiérdie heil'ge plek
die tekens sien van al ons skande!"

Met hierdie toespraak maak Totius die geskiedenisagtergrond van sy verhaal nog stewiger: ons voel nou waarmee die Trekker worstel, wat sy tent hier opslaan om te kom herdink.

Die waens trek weg, maar gou is daar weer fees — dié slag in Oom Gert se huisie, waar Dina en Gert hulle bruilofsliedjie sing. Beurtelings word uit die mond van bruid of bruidegom die voortreflikhede van boerdogter en boereseun besing, wat dan op belangwekkende wyse die idilliese, die hoog-gestemde nasionale gevoel en lof vir die eenvoudig-avontuurlike van die boerelewe, buite alle beskawingsweelde, wat die eerste deel *Silwerstrale* van *Trekkerswee* kenmerk, afsluit; ons voel dat dit die einde is van 'n tydperk in ons volk se ontwikkeling.

## III.

Die golwende heuwels rys weer voor ons verbeelding op in *Goue Gode*. Maar nou so anders. Straks nog het hulle vaal en eenselwig weggeglooi voor die oog, met net die eensame Trekker daarop, wat aan die weerbarstige aarde vir hom 'n skrale lewe ontworstel — 'n skrale lewe waarmee hy tevrede is, want oor hom welf die eindelose blou lug: vryheid!

En nou? Dieselfde heuwels het verander: die oog kyk nie meer na die idilliese rus daarvan nie, maar dieper:

Dis heuwels, heuwels, heuwels net
sovér 'n mens se oog kan speur;
dis of voorheen 'n monsterploeg
die wêreld stukkend het geskeur.

Oor hierdie hoogland het God se ploeg met geweldige wentelkrag in die wordingsuur geloop en reuse-sooie in die vorm van berge en rande omgekeer, en die vore wat hier tussen in donker weggesak het, was vrugbare mote en akkerlande. In die boesem van die aarde is die goud uitgesaai; toe het die Here jare laat heenskuiwe oor die akkerveld, sonder dat die kosbare geelblink vrug ingesamel is: geen goudstad het soos 'n wonderblom op die heuwelveld opgeskiet nie. Vlugtende kafferhordes het oor die onmeetlike skatte heengedreun; die ondier het hier geloer. Selfs

die swoegende boer het nie gedroom dat daar onder sy voete 'n wêreldskat op ontginning gewag het nie.

Oer-oud is die taal van die berge, sodat die mens alle pogings om die geheime-skrif te ontraadsel, moet laat:

Die taal is geskrywe met letters
van kranse en klowe en rif;
dit lê oop en bloot op die wande, ......
maar niemand ontraadsel die skrif.

Die kranse en klowe is woorde
tot reuse-sinne veréén,
en die stippels en strepe daartussen
is tot massas rotse versteen.

Hierin herken ons die taal van die skeppingsdae en sondvloedtyd, maar ondeurdringbaar is die geheim, en die mens peins alleen in onwetendheid......

Spreek daardie taal van hoë waters
wat teen die bergwand het gestaan,
en van opdrifsels eeue later
tot kransversténing oorgegaan?

Of spreek die taal van vuur se werking,
van vreselike wêreldbrand
toe berggevaartes op kom rys het
uit die aard se vuurge ingewand?......

Die sleutel van pylskrif-figure en hierogliewe is gevind, maar voor hierdie geheimenis staan die mens verbyster soos 'n kind:

So swyg ook stil die Rand se rante.
Ja, die skeppingstaal is al te oud!
Of spreek hier gryse lettermerke
miskien al lank die woord van: Goud?....

Hierdie gedeelte van *Goue Gode* is van 'n sterkheid van segging, 'n stoutheid van verbeelding, wat ons verras by Totius. Die viervoetige jambe in die vierregelige strofe kan maklik, indien die skrywer nie elke aartjie van sy erts met goud vul nie, omlaagsak tot dit dreig om rymwerk te word.

wonde is die delwer, maar sy bediende word deur ander dinge gelok!

> Die kaffer sien 'n os wat wei,
> En dink: „Hoe lekker sal hy smaak".

Veiligheidshalwe word die rots nog 'n keer gestamp, die goudbevattende gruis weer gewas en

> Die delwer gaan dan na sy kamp,....
> en die kaffer hurk daar by sy las.

Die ontsaglike skatte wat al lank in die aarde gelê het, is gevind: Die Transvaler se onheil het begin!

Oom Gert word met 'n tolk genader, keer op keer met omhaalwoorde gevra om sy plaas te verkoop — ook die raad van die vaderlike President is: verkoop!

Maar swaar is dit in die ou man se siel, want angstige vrae stoei in sy hart rond: Sy ou plasie is sy Nabods-erf, moeisaam verower deur sy voorvaders; moet hy dit aan Achab laat en self ellendig rondswerwe? Maar Vader Abraham het tog immers die vrugbare Sodom verlaat, van vriende geskei, om die hoogste, sy siel te red .... so redeneer die Bybelvaste Oom Gert, die gewetestem en lotgeval slinger hom genadeloos rond. Eindelik besluit hy om te verkoop vir £ 2.000, en op ouderwetse boerewyse help die predikant hom om sy geldjies te tel. Hierdie deeltjie waarin verhaal word hoe oom Gert afstand doen van sy plaas, is taamlik nugter vertel met weinig verheffing in die styl — trouens die saak hier onder die aandag is taamlik nugter, maar tog van diepe betekenis, want skaars is die transaksie verby of die peinsende Oom Gert se verlange ontwaak: hy keer in tot homself en vra hom die betekenis af van al die nuwe .... Vroeër was dit so anders ....

> O Heilige nagte van voorheen
> as die maanlig skaars in die huisie dring,
> waar oom Gert lê waak, soos die psalmis sing,
> om te peins aan God;
>
> die nagte nog lank, na skeppings-maak,
> deur geen kunsglans nog verkort;
> as die siel nog tyd het om wakker te word
> en te peins oor God.

Hoe mooi is die gemoedstemming van die gelowige ou Trekker nie hier gesuggereer nie! Ons voel die stille, verheiligende weemoed wat alle betekenisryke afskeid vergesel. Oom Gert as kerkgetroue tiepe van sy volk het die drukkende voorgevoel van die uitheemse onheil wat nader, en tegelykertyd besef hy dat sy eensaamheid en rus op die vreedsame heuwels van die hoogland dreig om vir ewig te verdwyn, want reeds skuiwe die voorpunt van die skoonheidvernielende, die gedruiswekkende beskawing nader. En in die heilige sterrenag in die hoëveld, wanneer die vetkers saggies wegbrand soos ou herinneringe wat wegsak voor nuwe ervarings, gaan die mymerende siel na die stille dieptes, peins hy oor God.

> Die siel doen soos die blomkelk dan
> wat die blaartjies sluit by nag,
> en stil-alleen op die son staan wag —
> so peins die siel oor God.

Hierdie ure het altyd oom Gert se siel verryk, want in sulke begenadigde oomblikke van eenvoeling met God en wêreldsiel het hy in die eensaamte geskuil, sy siel vervul met hemelse heimwee:

> Dan voel dit weer aan wyding ryk,
> En beef stil opwaarts-heen
> met groot verlange; oor God alleen
> peins dan die siel. —

Maar hierdie vreedsame oomblikke wil nie meer die siel nader nie, ook die idilliese rus is in sy ongereptheid geskonde: Oom Gert woel rusteloos rond op sy bed, want die God Goud het hom van sy rus en eensaamte vergoed berowe......

Vir Oom Gert het die dinge se gelaat verander: vroeër het hulle feitlik sonder geld klaargekom en tog goed gelewe; nou het alles soveel anders geword:

> Ja, geld was skaars en goud was min,
> maar min ook die onrus en geswoeg;
> daar was geen ryke of arme in
> die land, want ieder had genoeg. —

Hoe het die wêreld nou gedraai!
Hoe word oom Gert se vrees gewek!
hy sien sy goed al opgelaai
en hoe sy wa weer noordwaarts trek.

Die Trekker wat hunker na „ruimte vir sy voet" wil al weer weg waar die „Engelsman" sy sielerus nie kan verstoor nie. Maar oom Gert vergeet: 'n nuwe geslag, met ander gedagtes as hy, ontwaak. Dina pleit om te bly — Dina verteenwoordig 'n opgroeiende geslag met nuwe sienswyses. Die ou patriargale ideaal van immer trek word tog onmoontlik, want die „beskawing" in die vorm van die Engelsman sluip orals agterna:

Ons kan nie immer trek,
ons kan nie immer vlug,
saam met die wild wegvlug
vir mensgerug.

Ons woon al lank so stil;
laat ons nou maar geniet,
met eerbaarheid geniet
van wat die wêreld bied".

Oom Gert, beswaard in sy gemoed, neergedruk deur die onvermydelike „lot", besluit dan om op die „uithoek" van sy ontvalle plaas, weg van die stadsrumoer, te woon. Soos 'n droom wat 'n towenaar voor die verbeelding bou, het die nuwe goudstad uit die eentonige aarde verrys. Eers rye kampe, toe hout- en sinkgeboue en nou skitterblink 'n stad op die heuwels — die snel uitdyende stad, waarheen massas delwers trek. Die nywerheidslewe verdring die landelike bestaan:

Oom Gert het so iets nooit gesien:
die suiwer lug is troebel-vuil,
En helder stroompies van weleer
dam nou in donker modderkuil.
Die grond voorheen so skoon en rooi
is nou met steenkool-as bestrooi.

Bo-oor die stad swerwe 'n swart deurrookte deinserigheid soos van 'n groot veldbrand wat hom uitsprei oor die

bulte, en saans slaan die rooi gegloor van ligte soos 'n brand agter die bulte uit. Op die plek waar die kerk gestaan het, is nou 'n groot hotel, daar is geen Sondag of Maandag meer nie; saans laat tot middernag wemel dit nog. Hoe moes dit nie die plaas-rustige oom Gert uit sy ewewig gebring het nie?

> Die wêreld maak oom Gert nou dom
> wat selde in die stad meer kom.

En as hy redeneer en probeer uitpluis, met behulp van Bybeltekse, dan vra hy hom, of die monster wat daar lê en flikker-beef in die son of saans sy dof-rooie gloed laat vlek teen dieptes van die hemel, nie Babilon en die Bees is waarvan die Skrif profeties praat nie.

Ja, hierdie nuwe wêreldstad kry 'n simboliese betekenis, dit verteenwoordig die uitheemse: dit lê tussen oom Willem en oom Gert se famielies:

> Die wêreldstad lê tussen hul,
> want, ag, die vriendskap is geskeur.
> Is dit miskien die profesie
> van wat op later dag
> met heel die nasie sal gebeur?......

Die uitheemse klowe die Afrikaner se belange in twee; hy splits hulle op in twee groepe: Die groepe wat verteenwoordig word deur oom Gert en oom Koos.

En die kinders? Dina het gou Engels geleer, sy het gou opgegaan in die bekoorlikheid van die volle lewe en probeer om oom Koos om te haal om in die weldade van die stadslewe te deel:

> Sy praat van meegaan met die stroom,
> van nie so alles te vermy.

Maar oom Koos is vas besluit om met sy gesin op die ou „boerepad" te bly. Die nuwerwetse Dina sing 'n lied om hul te win vir Johannesburg „die glorie van Suid-Afrika". Die lied bring 'n vreemde, nuwe boodskap: nie die Kaffer of Boer kon die goudstraal ontdek nie, maar pionier en delwer, wat goudvonke uit die rotse slaan en Johannesburg gou verhef tot ligpunt van Suid-Afrika: die stad wat Trek-

ker en naturel sal opvoer uit hulle onkunde. En luister hoe fyn die skrywer dit uitdruk: Daardie „versoenende" krag van die Goudstad:

> „Johannesburg is hoog verhewe,
> die koningin uit lig gewewe;
> haar goue beeld sal wonders doen,
> sal immer ophef en versoen.
> Johannesburg sal steeds hierna
> die glorie wees van Afrika!"

Dina is verlore vir haar volk, met al hulle ouderwetse gewoontes: Dina en haar soort gaan op in die skittering van nuwe lewe. Op die danspartye, waar onstuimig die hartebloed klop, is die mooigeboude Dina die mees gewenste danseres, terwyl Willem, haar man, populêr is om sy mooi vrou.

En nou volg hierdie juweeltjie, tussen die beskrywing van die dansvrolikheid ingevoeg. In die danssaal, onder die skitterende lampeskyn, wieg dit om en om, maar elders worstel twee siele met die Lewe:

> Dan rus oom Gert, in slaap gesink,
> Waar net Gods sterre in stilte blink.
>
> Rus?.... Nee, hy sien op donker muur
> in helder letters van hemelvuur:
>
> „Geweeg, geweeg, te lig bevind!"
> dan roep hy: „Ag, my arme kind!"
>
> Sy vrou die stoot hom saggies aan,
> maar berg ook self 'n snik en traan.

En terwyl twee godsdienstige siele strewe na lig in die verwarring van die nuwe lewe, sterf die walsgeluid elders weg, en op die tafels staan die leë bottels „in hul nat"....

Maar van elders dreig 'n ander onheil vir die Afrikaanse volk: stemreg-agitasie. Die digter sien die nadering daarvan as van 'n warrelwind wat papiere, blare, voddegoed gemeng met stof, tregter-vormig laat wals in 'n kring. Uit alle wêreldoorde saamgewarrel staan die agiteerders nog en „koningkraai", soos oom Gert hulle met stil ver-

agting gade slaan. Maar ver werk hierdie agitasie deur, tot oor die see:

Intussen pak die stormwolk al
op Tafelberg;
En anderkant die water is
'n leeu vererg
wat nog in sagte woorde-klou
sy naels verberg.

As oom Gert hulle moeg word van dié astrantheid in eie land, gaan hulle die uitheemse agitators met stoelpote te lyf en vlug die „helde" deur vensters en deure.

Selde kom by Totius 'n geestige trekkie voor soos hier, waar beskryf word hoe oom Gert die dik kêrel, wat vassit in die vensterruit, goed uitlooi:

Oom Gert laat hom dit dugtig op,
sy sitplek voel.
Die dikkert skreeu sy buitevrind:
„O pull, John, pull !"
Oom Gert die slaan; die dikkert roep:
„O help, John, pull !"

Hoe kan dit onder sulke omstandigheid anders? Die oorlog, feitlik op die Republieke afgedwing, moes noodwendig kom. In die harte van die jong worstelende volk groei daar donker voorgevoelens op, wat die swye oplê:

Die harte voel nie lekker nie,
die woorde het angstig-min geword —
soos steeds by donker voorbesef,
by die vergeefse angsgevraag
van hoe en waar
die ontwaakte lewenslot sal tref.

Besonder mooi is die afskeidstoneel geteken: die seun wat so luidrugtig praat hoe hy die Engelse sal skiet, en op die vermanende woorde van sy moeder wyk hy skamerig onder 'n voorwendsel dat daar nog iets is wat hy aan sy sael moet bind ! Op die agtergrond staan die vroue met gevoude arms, klaar met hulle voorbereidingwerk, terwyl hier en daar een met die voorskootpunt 'n eerste oorlogstraan

afveeg — in 'n kring is die burgers, gereed om te vertrek, maar eers buig hulle nog die hoofde in smeekgebed. En dan: stofwolke styg onder die kloppende hoewe uit en die lenteson flikker-blits „op blink gemaakte mouser-tromp". En so in die ry sing die geesdriftige jongspan 'n lied wat aanspoor om te gaan veg, want: die vierkleur is weer in gevaar!

Alles bruisende geesdrif by die jongspan, wat brand van veglustigheid, sonder dat hulle deur ervaring besef watter lyding onvermydelik met so 'n stryd saamgaan. Maar oom Gert, wat oud geword het in die skool van die lewe, ry in somber gepeins langs die ou slagveld verby — want donker-kleurig rys die berg van wondere teen die hemelbloute op, sy sye bedek met woeste plantegroei; daar is Langnek met sy natuurlike skanswerk en daar Ingogo se kronkelbedding, „net om die Britte op te hou". Hier spreek die glorie van oorwinnings in die verlede met oom Gert, maar instede dat dit hom met stuwende hoop vervul, bekruip 'n onverklaarbare hartseer hom: want die tye het so verander:

Vlugtig is die uitbreek en die verloop van die oorlog vir ons geskets, net om ons die tragiese geskiedenis dieper te laat besef, om ons die agtergrond beter te laat aanvoel.

Aanvanklik seëvier die Boere oral en kry hulle om die ongekende dapperheid beroemdheid ver buite eie landsgrense; tog, in weerwil van dit alles, klink die onheilspellende stem in die swaarmoedige en profeties-aangelegde oom Gert se siel deur: verlore! Al nader sluip die gevaar, golf die oorwinnaars se leërs aan, tot oom Gert, wat nie verder kon vlug nie, agter ysterplate vasgeperk is, op dieselfde plek waar hy eenmaal 'n vrye man was. En as die vrede eindelik kom, klink die stem, nou nog met dreigender klank, in die weemoedige ouman se siel deur: verlore!

Die oorlogsfakkel is gedoof, die oorlogskampe word ontsluit — 'n „Nuwe Tyd" het aangebreek. Die burgers laat hulle orals aan hulle lot versoen, maar die vaderlandlose oom Gert voel soos 'n verdwaalde siel in die onsimpatieke land, wat eenmaal sy eie was. Die „handjie meel en die brok genadebrood", was vir sy vrou as boerevrou te veel, sy het die martelaarsdood gesterf; en sy skoonseun Willem, die het skout geword, totaal vervreemd van die „ouderwetse dinge!" Oom Koos het sy grond verhuur en die Bosveld ingetrek om die duur lewe in die Goudstad te ontvlug.

En waar is Dina? Die skoongeboude boerevrou verslinger in die stad, 'n willige prooi van vreemdes! Die naam Dina! Oom Gert kan dit nie hoor nie, want die smart druk hom dan neer. Watter ontsaglike lewensleed is hier nie gesuggereer nie! Totaal verlate, alleen met sy verdriet worstel die heldhaftige ou Trekker — en hoeveel het nie soveel geworstel nie? — met lewensvraagstukke wat hy nie kan omvat of deurskou nie; een antwoord, met 'n diepte van oortuigingskrag gewin, ontspring sy geteisterde gemoed:

Wanneer oom Gert van Dina hoor,
verbysterd al deur smart op smart,
dan roep 'n dubb'le stem! Verloor'!
en dubb'le swaard gaan deur sy hart.

Geen antwoord is daar op die stem
wat vlymend deur sy siel nou gaan;
maar as die leed te vinnig klem
roep hy: „Dit het die stad gedaan!"

Dit is die aangrypende slot van *„Goue Gode"*, wat ondanks retoriese klanke en swak reëls so mooi is dat alle kritiek misplaas lyk. Deel twee staan dan ongetwyfeld veel hoër as *Silwerstrale* deurdat die digter die siel van die ou stryer vir ons so fyn-aanvoelend suggereer dat die verse, teen die einde van deel twee, deur 'n diepklinkendheid gedra word wat ons oor al die gebrek aan plastiese uitbeelding heen laat lees. Na die bou en motiewe wat ten grondslag lê aan *Goue Gode* kom ons terug in die samevattende woorde aan die einde van die hoofstuk.

## IV.

In die laaste deel *Groue Grawe* word die heuwels weer voor ons opgeroep — maar hoe verander is hulle nou? Weg is al die idilliese eenvoud; die wroetende nywerheid het die arkadiese lewe weggedryf tot waar die geheimsinnige bosveld nog 'n kansie daarvoor aanbied. Soos 'n jong, hoopvolle gelaat deur lyding en diepreikende ervaring vore van kommer en sorg kry, 'n totale wesensverandering ondergaan, so is dié wêreld ook nou verander. Ander heuwels rys nou omhoog:

DIE DIGTER TOTIUS.

Dis heuwels, heuwels, heuwels net
Sover 'n mens se oog kan speur;
maar heuwels sonder struik of gras,
en droewig-vaal, nes as gekleur.

Langs hierdie heuwels staan nou 'n ding soos die houtgeraamte van 'n huis, en bokant hom draai rusteloos die wielletjies wat die waentjies optrek met die gruis. Uit die ingewande van die aarde is die gruis-heuwels uitgewerk:

Die heuwels is party al oud;
verlate en vasgereën party;
en storme 't baster-klofies in
hul naakte ribbes ingesny.

Ander is nog in die maak uit poeier-grond en growwe gruis, en wanneer die wind hieroor heendwarrel dan trek daar tuite stof. Hierdie heuwels lyk soos duine wat blankwit aan verre strand oprys, maar hier rys hulle uit die ingewande van die aarde en daar uit die blou-diep see.... Watter vae, onbewuste gevoelens aan 'n diepe wêreldsiel maak hierdie diepsinnige gedagtes nie in ons los nie!

Hier's ook 'n dreuning, nes die dreun
van sagbewoë wêreldsee,
Die winde wend, dan hier, dan daar
die diepe dreuning met hul mee.

En nou vra die digter waarom die heuwels so hoog en so bleek is, waarom die dreuning so droef is soos een wat smartelik smeek. Hierdie vraag het 'n diep simboliese grond, dit laat ons dadelik, asof ons heenblik in die wêreld van die Onbewuste, aanvoel 'n ontsaglike volksleed, wat die digter nie langs die regstreekse weë van die begrip simpatiek maak nie, maar onregstreeks deur agter in ons herinnering, waar duisende assosiasies vasgeweef is, 'n gevoel wakker te roep wat ons lei na die algemene grond van die dinge: daar ontwaak in ons gevoelens, wat nie duidelik sigbare gestaltes aanneem nie, maar juis deurdat hulle so in 'n wasige sfeer beweeg, ons siel laat meesidder met die dieper stroom van die dinge, kry die gedig vir ons 'n verborge betekenis:

Hul sê die duine aan strand is die
grafheuwels van wie sterwe in see;
en daardie diepe dreuning is
die klag van wees en weduwee.

Maar hiérdie heuwels, heuwels dan
wat ook so hoog is en so bleek?....
En hierdie diepe dreuning dan
Wat klaag soos een wat smartlik smeek?....

Dit is die diepsinnige, somber vraag wat op 'n antwoord wag, want hierdie antwoord hou die sleutel van belangrike dinge in die volksgeskiedenis.

Agt jare is verby, uit die puinhope van die oorlog het 'n nuwe Suid-Afrika opgerys; maar oom Gert, vasgedruk op sy klein ou plasie, voel hoe sy krag minder word, hoe die lewe in hom kwyn. Peinsend sit hy saans en kyk hoe die nuwe geboue die vryheidsgrond steeds kleiner meet, en dan moet hy onwillekeurig besluit dat die boere-paradys van vroeër nou omgeskep is in „één molshoop, groot en grys". Transvaal word 'n arm land, want die vreemdeling neem die neutvet weg en laat net die doppe agter! Die armblankes, uitsaksels van die genadelose beskawing, is uitgedruk tot in Blikkiesdorp, waar huisies afgeskort is deur kronkel-sink en binne die agterplasies fyn steenkool-as kraak onder die voete. Oom Gert moet berus in die onvermydelike: sy ou Transvaal het inmekaargesak; niks anders het vir hom oorgebly nie as gryse teleurstelling. Tog, in die teleurstelling vonk daar nog een straaltjie hoop, en dit is dat sy dogter, nou verslinger in die stad, sal terugkeer. Die flou hoop word aangevuur deur 'n eenvoudige, gevoelvolle verhaaltjie wat hy gelees het: Hoe iewers in die Berge in Skotland 'n jong dogter in die fleur van haar jare, uit haar vaderhuis op wrede wyse weggeneem is. Waar sy was, het hy nie geweet nie, maar elke nag het 'n kersie geflikker wat vir haar van vergiffenis en hoop moes vertel. En die vader se gebede het gehelp, want een nag het sy dogter teruggekeer en wenend haar vader om die nek geval:

Maar ag, oom Gert se hart is bang;
want as die jaartal al maar slyt
dink hy: „my hoop is ydelheid,
my wagte duur tog al te lang;
my lewensdaggie 's netnou om,
en dan het sy nog nie gekom."

Wêreld-vreemd besoek oom Gert ook die Unie-fees met die stil, maar vergeefse hoop dat hy vir Dina weer sal sien...... Maar Dina het, net soos soveel Afrikaners, weggedraai van die ou pad van boere-tradiesies en is deur die verswakkende verbroederingsgees opgeneem...... die beste prysgegee, sonder om iets te win......

Intussen het Johannesburg gegroei tot 'n stad, waar mooi wonings staan, met fyn smaak gebou. Anderkant Johannesburg is die golwende verskiet, waar oor bosse en bulte die oë sag kan rus op die pers-blou sye van die reus Magaliesberg......

En nou voeg die digter ongelukkig die volgende in hakkies geplaatste reëls in, wat 'n suiwer verstandelike wanklank vorm:

('n Bietjie goud maak baie mooi
en — dis maar krummels van die groot,
uit louter goud gebakte brood,
wat na Europa word vervoer!)

In die vrolike stad, waar saans oor die reuse-geboue 'n see van ligte fantasties skitter, waar geweldige skoorstene hulle rook die deinserig-vuile lug laat inkartel, hier sien oom Gert mense, eenmaal eerbaar-braaf, ondergaan: in die myn-graf kruip mens-diere soos erdvarke rond vir 'n bietjie geld .... En tog, hoe ironies dit vir oom Gert mag klink, op daardie monsteragtige graf word feesgevier!

Op die môre van die Unie-fees sien hy soldate in kaki gemondeer swierig paradeer langs die strate en agter hulle oorlogswese in kadetpakke meedoen aan die „Fees" .... By die diens word God gedank vir Rassetwiste wat eindelik uitgedelg is .... In die middag hoor hy die vreugdestamp van marsmusiek. Klankskilderend is die volgende:

Hy hoor die geluid van jub'lendgesketter,
die vrolike klank van simbaal en trompetter,
gedra op die dreun van die oorlogstamboer
wat dond'rend nes onweer die harte kom roer.
Daar 's wapenbeweeg wat yslik weerklink;
kanon-waens kom aan en kettings rinkink.
En hy hoor daarna:
Hoera! Hoera!

Ook nog in die aand bly die opgewekte hoera-stemming heers; vreugdevure skitter oor die land en vuurwerk verlig, voor 'n bly-verwonderde skaar, die swart naghemel met skitterkleure ....

Oom Gert gaan vroeg die aand na huis,
want één ding staan by hom nou vas:
dat hy nie in dié wêreld pas.

Hy is te oud om hom aan te pas by die nuwigheid. In sy drome kom die vreugdeklanke van die feesdag weer terug, sien hy die wese wat hosanna sing .... en tog kom ook deur sy droomnag speel, uit vertes van sy herinnering, 'n enkele krygs- of kamptoneel: Hy sien 'n moeder wat waak by haar kind; 'n stryer wat sterf vir vryheid .... wat dit alles verniet?

As hy opstaan is die kwellende vraag weer daar:

My Dina, ja, was sy
ook dalk daarby?....

En Dina? Te lank kon sy nie teer op haar skoonheid nie, want vir so 'n veeleisende, plesierdorstige lewe moes haar blosende gesondheid wyk. Reeds geknak moes sy in 'n café met 'n witgestyfde voorskoot regstaan en tevrede wees as kêrels „stilletjies vir haar dinge sê". Saans pluk sy nog vir laas iets van die suurverdiende lewensgenot, tot in die sondenag 'n ander lewensdag geblus word.

Hoe sweef dan om haar koorsgesig
die kuisheid van die môredou;
hoe peinig haar 'n naberou
wat al maar met die môre kom!

Die sinsgenot, eindelik doodgeloop, soos sy lot vooraf bepaal is, moes wyk vir innige sielsberou: 'n Leegheid neem besit van haar hart; sy kan haar nie langer hul in die mantel van skyn-vrolikheid nie.

Op die feesdag was Dina nie aanwesig nie en sy was ook nie verheug daaroor nie. In haar siel werk die berou verreinigend, — dit maak haar vatbaar vir die diepste lewensdinge. In haar ellende kla sy — (Totius voeg hier een van sy eerste en mooiste liriese gedigte in):

„Ag, kon ek net my sondedaad
as sondesaad
weer in my donker hart
terugontvang,
dan was my vrees,
my angs, by awendswart
wis minder bang
gewees".

Hierdie saad is egter uitgeplant en dit het vermenigvuldig. Luister na hierdie pragtige, fyn-wasige liriek, inderdaad die huiwerende klag van 'n gewete wat deur die sondebesef beroer word:

„Teen awendgrys
verrys
nou boom op boom, hul bly
nes donker plekke
nes pikswart vlekke
dwars-teen my vinnig aan
wegdonkerende hemel staan.

En waar ek nou al dolend gaan,
Hul staar my aan,
die bome; deur hul blare
hoor ek die nare
geruis van doem en dood —
oneindig vér van my
en altyd naderby!

Ek vlug verdwaald, verdwaas van sin
benard, benoud
my donker woud
al dieper in!"

Calvinisme is genoem „the creed of an agonized conscience". Digterlik kan dit seker nie mooier uitgedruk word as in hierdie gedig met sy stygende lyn nie.

Sal God dan Dina so laat staan? vra die Calvinistiese digter. Angstig deur berou en skuldbesef rondgeja, dwaal die gevalle boeredogter na 'n agterbuurtse sinkgebou, waar 'n lied van dank, gesing deur hulle wat die aanddiens bywoon, roerend wegkwyn. Op die verste bank neem Dina

plaas. As die naklank van die lied plegtig weggeruis het, hoor sy hoe die leraar vertel van 'n verre toevlugsoord vir diegene wat gedruk, verlate en verlore is — juis om hulle sal die Engele feesvier ....

O Die oue, oue Bybeltaal,
by haar al lank verouderd al —
dit sink soos eerste druppels reen
wat op 'n ou pad val.

Die heilige woorde werk deur tot in die diepte van haar siel, sy probeer dit omvat in hulle ryke betekenis .... Haar skuld-sware siel tas na redding....

As sy daar uit die kerkie stap in die duister-stille straat breek daar 'n nuwe dag in haar, en wat sy so lank al verlaat het, vergeet het, open weer vriendelik hulle sielsgeheime: daarbo wink die stralende sterre, dis of die aandster goudglansend bewe oor die woning wat sy so lank al verlaat het:

Dieselfde nag het sy besluit
om na haar vader trug te gaan.
Want as God haar nie weg wil wys,
dan neem 'n eie vader wis
sy enige dogter aan.

En op sy klein stukkie grond, waar die stad sy vryheid al meer bedreig, wag 'n grys ou vader nog geduldig by 'n wikkelende kersvlam. Bly-ontstellende voorgevoelens werk deur sy wagtende hart: buite ruis 'n voetstap, die bo-deur swaai sag eenkant-toe en die kersvlammetjie bewe onseker en laat liggolfies tril langs lang-vergane muurpapier:

„Wie kom nog na my huis so laat?"
Die grysaard nou geboge staat,
en kyk, maar kan geen wese ontdek —
totdat 'n stem kom: „Pa, dis ek".

Dan doem traag uit die duisternis
'n Beeld wat hom nóg eie is.
„My kind! .... Oplaas!' en dan niks meer.
Sy val hom aan die voete neer.

Sal so ook die Afrikaner, vervreemd van sy tradiesies, terugkeer ?

Oom Gert kyk in die skuldige oë, waar die trane sout in vasgedroë het en die sinlikheid, „aan 't wissel-wyk", nou van ver deur yle sluiers te gewaar is. Oom Gert is nou tevrede, want hy het die terugkoms van sy kind nog belewe.

Die heuwels het verander, hulle het vaal en dor geword — en sy kind se skoonheid ?

Hoe is jou skoonheid van weleer
deur Gods geregtigheid verteer —
die vlam, wat ons nie sien nie, maar
waarvan ons net die as vergaar !

Besonder mooi reëls, gegroei uit ware lewenswysheid is dit hierdie. Oom Gert glo nie meer dat hy nog die terugkeer van sy volk sal sien nie, en nou is sy versoek, voortgekom uit harde ervaring, uit sombere bepeinsing, dat hulle sy graf moet dek met die heuwel-as, want dit het Dina en die boerevolk van weleer se eer begrawe. En dan kom die antwoord op die vraag gestel in die begin van *Groue Grawe:*

*„Ja dáárom is die heuwels hoog*
*en dáárom is hul skynsel bleek,*
*en daarom is die winddreun diep,*
*so droef soos een wat smartlik smeek!*

Oom Gert profeteer die herlewing van die nasie, wanneer God weer gehuldig sal word, die goud-god teruggedwing sal word waar hy hoort, die ou tradiesies weer sal eerbiedig word, die ou paaie weer sal lok.

Hul staar mekaar nog vràend aan
wanneer die dag het opgegaan ....
Dan sien sy hoe sy vinger wys
waar Perdekraal se heuwels rys!

Net soos aan die slot van *Rachel* dus die boodskap dat die heuwels, die aarde, waarvoor selfs die dood vir die Trekkers geen prys was nie, ons sal aankla en ons gedenkstene ons sal roep, as ons vasgemuur word deur dinge wat ons wesensvreemd is.

En nou is die digter se taak gedaan; tog vermeld hy verlaas nog van 'n stille bedevaartstog aan twee graftes op die Rand:

Dié vaal-wit hopies dek hul bei
vader en dogter, sy aan sy !

DIE DIGTER TOTIUS.

V.

Simbolies is dit dus: die Afrikaner, ondergegaan in die goudstad se beskawing, gedek deur die heuwel-as — vader en dogter !

Met hierdie epies-dramatiese gedig, waarvan die deel *Groue Grawe* die edelste is, deurdrenk met lewenswysheid, gedra deur 'n oortuiende ontroering, deurgloei van profetiese geloof, het Totius sy hewigste aanklag gebring teen die Unie-beleid, wat hy vreemd beskou, getoets aan die opoffering van die voorvaders, wat hy feitlik as 'n goddelose kompromis teken na die offers wat gebring is en waarvan ons gedenktekens ewige getuies is. In hierdie gedig het hy die ondergang van 'n deel van ons nasie geteken, maar soos in al Totius se gedigte, duik die onverwoesbare lewenshoop op — die kiem herlewe na hy gesterwe het in die aarde: die Afrikaner val, om met nuwe krag op te staan uit die ellende. Ook soos in *Rachel* het ons hier 'n styging in die siening, die verbeelding voer al breër en dieper aan totdat aan die einde die geheel soos 'n breë golf uitspoel.

Reeds in 1910 het Totius 'n merkwaardige gedig *Unielied* geskrywe. Dit toon ooreenkoms met Jan Celliers se fel-ironiese *Papbroekland*. Volgens Totius het die vereniging van die vier provinsies gelei tot 'n verswakkende verbroederingsgees, waardeur die Calvinistiese lewensopvatting van die Afrikaner verwring, sy tradiesies onteer is. So fel moes die historiese verloop van omstandighede vir Totius geskok het, dat dit hom diep-ironies gestem het, iets wat hy feitlik nooit in sy gedigte is nie, want sy digtersaanleg is anders. Wat help alles nou:

Laat vaar nou jul ideale:
Unie-son skiet Unie-strale
oor die donker wolke heen —
Boer en Brit is eind'lik één.

Soos Jan Celliers dit uitdruk, lewe ons gelukkig in *Papbroekland*. Dis nou 'n jabroerspeul, so bestempel Totius dit; nou kan alle vaderlandsliefde en rassehaat maar verban word. Die Calvinistiese opvatting van die Voortrekker kan ook maar na die maan — wat help alles in 'n gemeenskap met so 'n hibriediese karakter?

Laat vaar nou jul ideale:
al die stok-ou Skrif-verhale,
stories vol bekrompenheid
van outydse Jode-nyd.

Judasburg se goudhoeveelheid het eindelik Boer en Brit versoen — laat vaar dus al die ideale!

Hier was die idee wat breed uitgewerk is in *Trekkerswee* reeds in die digter aanwesig, maar waar hy hier in diepe teleurstelling snydend-ironies is, daar is die skerpte in *Trekkerswee* getemper en voel ons net die stil-gloeiende ontroering.

Soos Oom Gert die ondergang van die Afrikaanse volk sien en die heropstanding profeteer, so het Totius self dit aangevoel, Totius as Calvinis, as vaderlander.

In 'n ander gedig kom hierdie verlatenheid nog sterker by die digter uit, blyk hoe die verlies van sy land hom tot in die siel getref het, onherstelbaar — dit heet: *Geen Vaderland*. 'n Diepe heimwee leef in hom, omdat hy moes buk en buig en kla oor die gemis dat hy geen vaderland het nie —

O, Heimwee na 'n veilige erf —
my hele hart verlang
na 'n stukkie wêreld wat my sang
kan sing en eer en roem,
en wat ek *vaderland* kan noem.

Bo-oor hom wapper die vreemde vlag, en as die digter hom daaronder krom, sien hy tog verweg in die verskiet die ongenaakbare voorwerp van sy lied:

Ek sien daar koppe en rantjies lê,
die somerson straal op hul neer,
en 'k roep: dis wat my hart begeer.
Maar 'n stem sê my daar binnekant:
„O Sanger, *jy 't geen vaderland!*"

*Trekkerswee* is Totius se laaste breed-uitgewerkte gedig, in vorm epies-dramaties, met hier en daar 'n liriese gedig tussen in. Dit kan moeilik vergelyk word met enigiets in 'n ander letterkunde, [3]) nie alleen omdat dit so deur en deur Afrikaans is nie, maar omdat dit in sy vorm, om die eenvoudige verse, iets heel besonders is. Aangesien Totius

hoofsaaklik liries aangelê is, moet ons sy krag in *Trekkerswee* nie soek in skoonheid van klank en taalplastiek nie, maar eerder in die konsepsie, wat net soos *Rachel* uit 'n simboliese ondergrond gegroei is. Ons moet let op die stewigheid van innerlike bou en minder op uitwendige gebondenheid en gespierdheid van taal. Swak van afwerking is *Trekkerswee* dan ook hier en daar; die inhoud hang dikwels aan 'n prosadraadjie, die vers struikel en val, die verstandelik bindmiddele is dikwels opvallend, maar soos aangetoon: Totius het as Vaderlander sy lewensbeskouing vir ons hier veruitwendig, en as ons kyk na die stroom wat hom voortgestu het, vergeet ons die swakker gedeeltes, en styg ons eerbied vir 'n gedig waarin so nobel en profetiesontroerd die Afrikaner se hewig-bewoë lewe gesien is. Daar gaan dan ook van *Trekkerswee* 'n wonderlike bekoring en aantrekkingskrag uit. Selde gebeur dit dat 'n digter sy lewensaanskouing so fyn objektiveer, dat hy in 'n epiese gedig — weliswaar liries getint — so gevoelvol verantwoording doen nie alleen van eie lewenservaring en lewensbelydenis nie, maar ook van die volkservaring, wat sy eie belewing kleur en dra. Dit is juis die besonder betekenis van 'n digter soos Totius dat hy die onbewuste volksoortuiging tot kuns geadel het. „Er valt dus te bedenken, dat niet de individu kultuurschepper is krachtens zichzelf, en dat niet hij is kultuurdrager, kultuursubjekt, maar aan de gemeenschap komt deze eer toe; doch de gemeenschap heeft kultuur door middel van de scheppende persoonlijkheid, en zonder deze zou zij in haar beneden-kultuurlijken levensinhoud blijven weggedoken." [4])

---